# Les 2 DIE BYBEL IS DIE ELEKTRIESE KOORD: DIT VERBIND ONS AAN GOD

## 1. Ons het 'n verbinding tussen ons en God nodig

Die ketel wys ons wie ons is en wat ons plek in die godsdiens is. Kan ʼn ketel net so op sy eie water kook? Hy het mos ʼn element en hy kan mos water hou! Nee! 'n Ketel so op sy eie beteken niks nie – met talent en al.

Die rede daarvoor is dat 'n ketel op sy eie, geen krág het nie. Die krag om te kan werk, kom nie uit ʼn ketel nie. Dit kom van die kragsentrale af. Daarom is daar ʼn verbinding nodig wat die ketel aan die kragsentrale verbind.

## 2. Die regte verbintenis is nodig

Ons sê die ketel moet 'n verbintenis hê.

Hier is ʼn tou. Kan ons die ketel se handvatsel met ʼn tou aan die muurprop vasmaak? Kan ons sê as ons ʼn tou tussen ʼn ketel en ʼn muurprop het, dat ons nou ʼn verbintenis tussen die ketel en die kragsentrale het? Gaan dit werk? Nee!

Nou goed! Hier het ons 'n ketting en 'n stuk draad. Ons kan die ketel se handvatsel aan die ketting vasmaak en die ketting oor ʼn elektriese kabel gooi, of ons kan ʼn stuk bloudraad om die ketel se handvatsel vasmaak en die stuk bloudraad in die muurprop insteek. Gaan dit werk? Nee!

As ons ʼn elektriese koord in die ketel se passtuk druk en die ander ent van die elektriese koord by die muur inprop – gaan dit werk? Ja. Dit gaan werk!

Hoekom? Die tou, ketting en draad kan die ketel ook mos vasbind. Hoekom werk net die elektriese koord?

Die antwoord gaan oor dit wat bínne-in die elektriese koord is. Binne-in ʼn tou is daar niks behalwe tou nie. Binne-in ʼn ketting is daar niks nie, behalwe yster. ʼn Ketting hét nie ʼn binnekant nie. ʼn Stuk bloudraad is ook maar net ʼn stuk yster.

Maar 'n elektriese koord is anders. Van buite af lyk dit na net nog 'n draad. Die geheim is om die koord oop te maak en binne-in te kyk. Binne-in die koord is twee bondels koperdraadjies wat elkeen met plastiek toegemaak is. Hierdie twee elektriese drade vol koperdraadjies binne-in die koord, maak die koord heeltemal anders: die elektriese drade kan krag van die kragsentrale na die ketel voer deur middel van die koord.

## 3. Die Bybel is die Woord van God

Hierdie koord wys ons wat die plek van die Bybel in godsdiens is. Daar is net een verbinding tussen ons en God. Dit is die Bybel. Hoekom? Want as jy die

Bybel oopmaak – net soos wat jy ŉ koord oopmaak, is daar iets baie besonders in: die Woord van God.

Dit is wat die Bybel só anders maak. Nét die Bybel is die Woord van God. Geen ander godsdienstige boek wat jy lees, is die Woord van God nie. Nét die Bybel.

Kyk hoe sê Paulus dit in 1 Tessalonisense 2:

*"13 Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys."*

Hier het ons die Koran, die Boeddhiste se godsdienstige boek en boeke met godsdienstige gedagtes in. Hulle werk soos toue, kettings en drade. Dit kan mense vasbind – maar nie aan God nie. Dit kan mense vasmaak, maar nie hulle talente in diens van God stel nie. Want dit is mensewoorde en nie die Woord van God nie.

Baie mense voel godsdiens moet jou maar net vasbind. Daarom glo hulle enige ding is maar reg – net solank jy vasgebind is. Dit is nie waar nie. Nét die Bybel is die Woord van God, wat binne-in Hom die Woord van God na mense toe bring.

Waaraan bind mensewoorde jou vas? Kyk hoe werk dit! As ek die ketel hier aan sy handvatsel vasbind met 'n tou, 'n draad of 'n ketting, waaraan is die ketel vas? Aan my hand wat die ketting, tou of draad vashou. So bind alle godsdienstige boeke jou vas – maar dit is aan mense wat jy vasgebind word, nie aan God nie. Die Bybel het ŉ naam vir hierdie manier waarop mense vasgebind word terwyl hulle dink dit is aan God, maar dit is nie, dit is net aan ander mense. Die woord is 'afgodsdiens'. Mense verbeel hulle dinge, en maak asof dit God se Woord is. Dis nie God se Woord nie, dis net mense se béélde van God.

Nét die Bybel bind mense aan God vas, want binne-in die Bybel het ons die Woord van God. Hierdie Woord van God is die verbintenis wat maak dat mense die krag ontvang wat maak dat hulle die Here dien en eer.

**4. Een koord met twee drade**

As ons 'n elektriese koord só vashou en van buite af kyk – hoeveel drade sien julle? Net een. So daar is net één Woord van God – die Bybel.

Maar as jy die Bybel oopmaak en binne-in die Bybel begin lees – hoeveel drade is daar dan? Kom ons maak die koord oop en kyk! Daar is drie, maar eintlik net twee, want die groene werk saam met die bruine. Ons sal dit later sien. So! Binne-in die koord is daar twee drade, nie net een draad nie.

Net so werk dit met die Bybel. Binne-in die Bybel is daar ook twee sake wat al twee die Woord van God is, nie net een nie. Die Woord van God bestaan uit twee dele:

Hierdie twee dele se name is: die **Wet** en die **Evangelie**.

Die Wet gaan oor die liefde wat ons vir God moet hê, en die Evangelie gaan oor hoe God sondaars liefhet.

**5. Die Wet en die Evangelie loop van Genesis tot by Openbaring**

Kom ons vat nou die koord en ons sny hom aan die begin van die een kant oop! Wat sal ons heel aan die begin binne-in die koord kry? Twee drade – die bruine en die bloue! En as ons die koord nou hier in die middel oopmaak, hoeveel drade gaan ons dan hier binne-in kry? Weer twee: die bruine en die bloue! Dis weer dieselfde aan die einde van die koord. As jy die koord aan die einde oopmaak, is daar nog steeds ʼn bruin en ʻn blou draad binne-in.

Wat sê dit vir ons? Die bruin en blou drade loop albei van die begin af binne-in die koord – aanmekaar, sonder ophou! As die bruin of blou draad iewers binne ophou, sal die koord nie meer werk nie.

Wat leer dit ons van die Bybel?

As ek die Bybel in die begin oopmaak by die boek Genesis, watter twee dele van God se Woord gaan ek binne-in Genesis kry? Twee dele: God se liefde vir sondaars, en die liefde wat ons vir God moet hê: die Evangelie en die Wet.

As ons die boek Maleagi oopmaak, watter twee dele van God se Woord gaan ons binne-in Maleagi kry? Weer twee. Die Wet en die Evangelie. Net so met die boek Openbaring – altwee dele van God se Woord is binne-in die boek Openbaring, naamlik God se liefde vir sondaars, en ons liefde vir Hom.

Dit is die geheim van die binnekant van die Bybel: van die begin tot aan die einde kry ons twee dele: die Wet en die Evangelie.

**6. Die Ou en Nuwe Testament is die muurprop en die ketelprop**

Kom ons lees Romeine 1 verse 1 en 2 saam:

*"Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. 2 Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, 3 en dit handel oor sy Seun."*

Wat word Paulus genoem? ʼn Apostel! Wat word die predikers van die Woord van God vóór Paulus genoem? Profete! Paulus en die predikers vóór Paulus het almal die Woord van God gepreek. Nou hoekom word die een groep ʻprofeteʼ, en die ander ʻapostelsʼ genoem?

Wat maak die verskil? Kyk wat sê Paulus! Die predikers wat gepreek het dat Jesus nog eendag moet kom as die Verlosser, is die profete. Die mense wat direk ná Jesus se dood en opstanding gepreek het dat Jesus gekom het, is apostels. Die woord 'apostel' beteken 'gestuurde' in die Griekse taal. Dit is mense wat gestuur word om te preek dat Jesus klaar vir ons sonde gesterf en uit die dood opgestaan het. Die eerste predikante na Jesus se opstanding word dus 'apostels' genoem, maar almal wat tot vandag toe preek dat Jesus gesterf en opgestaan het, doen steeds wat Paulus gedoen het.

Dit is die verskil tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die Ou Testament is die Woord van God wat sê dat Jesus nog móét kom om vir sondaars te sterf en dan weer op te staan, en die Nuwe Testament is die Woord van God wat sê Jesus het kláár gekom om vir ons sondes te betaal.

Die Ou Testament werk soos die muurprop, en die Nuwe Testament werk soos die ketelprop. Die Woord van God het dus twee kante: die kant wat gaan oor vóór Jesus gekom het, is die muurprop – dit is die Ou Testament; en die kant wat sê Jesus hét gekom, is die ketelprop – dit is die Nuwe Testament.

ŉ Koord is net ŉ koord as hy ŉ muurprop en ŉ ketelprop het. Sonder een van hierdie proppe is dit nie meer ŉ werkende koord nie. Net so kan die Bybel net as die Woord van God werk as die Ou Testament en die Nuwe Testament saamwerk.

## 7. <u>Vier dwalings</u>

### 7.1. Die Bybel sonder die Ou Testament

Kan iemand sê ons werk vandag net met die Nuwe Testament, sonder die Ou Testament? Dit is soos 'n ketel wat sê hy soek 'n koord sonder 'n muurprop.

Die Bybel werk nét as God se Woord as dit die Ou en Nuwe Testament sáám is. Mense wat glo ons is vandag net aan die Nuwe Testament, en nie meer aan die Ou Testament gebind nie, is ketels wat 'n koord wil hê sonder 'n muurprop.

Hulle jok eintlik, want hulle maak asof hulle van die Nuwe Testament hou, maar nie van die Ou Testament nie. Kan die ketelprop sonder die muurprop werk? Nee! So eintlik wil hierdie mense glád nie hê die Woord van God moet werk nie. Hulle hou glad nie van énigiets van God se Woord nie, maar hulle maak asof hulle daarvan hou deur te sê hulle hou net van die Nuwe Testament.

Baie sektes wat net met hulle eie gedagtes, gevoelens en idees werk en niks wil weet van God se Woord nie, werk net met die Nuwe Testament, sonder die Ou Testament. Hulle wil niks van God se Woord hoor nie en maak asof hulle idees net uit die Nuwe Testament kom.

## 7.2. Die Bybel sonder die Nuwe Testament

Kan ʼn elektriese koord werk as dit net ʼn muurprop het, en geen ketelprop nie? Hoe sal dit wees as ‘n ketel sê: “Ek soek ʼn koord met net ‘n muurprop, ek wil nie ʼn ketelprop hê nie”?

Eintlik jok hierdie ketel, net soos die eerste ketel wat gesê het hy wil ʼn koord sonder ʼn muurprop hê. ʼn Koord sonder ʼn ketelprop werk ook glad nie. ʼn Mens kan nie gaan sê dit werk so bietjie nie. Sonder ‘n prop vir die ketel is dit glad nie ʼn koord nie. Die Ou Testament sonder die Nuwe Testament is nie ‘n bietjie van God se Woord nie. Dit werk dan heeltemal glad nie.

Dit is hoe die Jode God se Woord wil hê. ‘n Ou Testament sonder ʼn nuwe Testament: ’n muurprop sonder ʼn ketelprop.

## 7.3. Die Evangelie sonder die Wet

‘n Ander dwaling is mense wat sê ons kry die wet van God in die Ou Testament, en die Evangelie in die Nuwe Testament. Dit is nou die blou en bruin draad.

Kan ‘n mens sê ‘n koord se een helfte aan die muur se kant is ‘n bruin draad en die ander helfte van die koord aan die ketel se kant is ʼn blou draad?

Hoeveel drade is daar binne-in ʼn koord as die eerste helfte aan die muur se kant van die draad binne-in blou is, en die tweede helfte bruin is? Dan is daar mos net een draad binne-in die koord, waarvan die eerste helfte bruin en die tweede helfte blou is.

Het julle al ooit ‘n elektriese koord met net een draad binne-in gesien? Sal so ‘n koord werk? Nee! So ʼn koord is maar nes ʼn stuk tou, ketting of draad met ʼn stukkie plastiek om – dis nie ʼn elektriese koord nie.

Die Woord van God bevat áltyd en órals twee dele: God se liefde vir sondaars, en die liefde wat ons vir God moet hê: die Evangelie en die Wet.

As een van hierdie twee dele nie daar is nie, dan is dit nie meer God se Woord nie, maar mense se woorde wat voorgee hulle mensewoorde is God se Woord. Die Wet en Evangelie loop dwarsdeur elke boek van die Bybel, van Genesis tot en met die boek Openbaring.

Dit is hoe goddelose mense wil maak wat nooit na God wil luister nie. Hulle glo die Bybel gaan net oor hoe God sondaars liefhet, en dat die Wet nie meer in die Nuwe Testament tel nie. Hulle soek ook ‘n koord met net een draad.

## 7.4. Die Wet sonder die Evangelie - Wettiese godsdiens

Dit is hoe mense maak wat net wil hoor van hoe ons God moet liefhê, en niks wil hoor van hoe God sondaars liefhet nie. Hierdie mense glo nie hulle is

sondaars nie, en daarom wil hulle in die Bybel nét hoor van die wet. Hulle soek ŉ koord met een draad.

## 8. Opsomming

Nét die Bybel is God se Woord. Géén ander godsdienstige boeke of woorde kan die Woord van God wees nie. Die Bybel as Woord van God is ŉ eenheid, maar God se Woord bestaan altyd uit twee dele, van die begin tot aan die einde: die Wet en die Evangelie. God se Woord vóór die koms van Christus word die Ou Testament genoem, en God se Woord mét en ná die koms van Christus, word die Nuwe Testament genoem.

Die Bybel is soos ‘n koord – dis een koord met twee drade binne-in, en met ŉ muurprop en ŉ ketelprop.

## 9. Oefening

Met hierdie les kan jy nou Bybeltekste lees en kyk waar pas elke teks binne die godsdiens in.

### 9.1. Koord-tekste

Dit is tekste waar ons sien ons verbintenis met God is Sy Woord. Lees die volgende verse en kyk of julle kan sien dit is elektriese koord-verse – God se Woord is ons koord:

Handelinge 8:14: *“Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur.”*

Handelinge 12:24: *“Maar die Woord van God het verder versprei en veld gewen.”*

Handelinge 18:11 *“Paulus het ŉ jaar en ses maande lank daar gebly en die mense onderrig in die woord van God.”*

Hebreërs 4:12: *“Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg.”*

Hebreërs 13:7: *“Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg hulle voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.”*

1 Pet. 1:23: *“Julle is immers weergebore, nie uit die verganklike saad nie, maar uit die onverganklike saad: die lewendige en ewige Woord van God.”*

### 9.2. Tou-, ketting- en draad-tekste

Hierdie is tekste waar ons sien dat mense vasgebind is, maar nie aan God se Woord nie. Hulle bind hulleself aan woorde van mense vas omdat hulle nie aan God se Woord vasgebind wíl wees nie. Die Bybel noem dit afgodsdiens.

Esegiël 13: 1- 7: "*Die woord van die Here het tot my gekom:* [2] *"Mens, tree jy as profeet op teen die mense wat hulle as profete van Israel voordoen. Sê vir dié mense wat as profete optree uit hulle eie verbeelding: Hoor die woord van die Here!* [3] *So sê die Here my God: Ellende wag vir die verwaande profete wat geen gesigte gesien het nie en hulle deur hulle eie gedagtes laat lei.* [4] *Jou profete is soos jakkalse tussen die puinhope, Israel.* [5] *Hulle het nie gegaan na waar die muur omgeval het en weer 'n muur om Israel gebou sodat hy staande kan bly in die oorlog wanneer die oordeelsdag van die Here kom nie.* [6] *Hulle het gesigte gesien wat nie daar was nie en hulle waarsêery is leuens. Hulle sê: 'Die Here sê' al het Hy hulle nie gestuur nie, en dan verwag hulle dat Hy moet laat uitkom wat hulle sê.* [7] *Hulle sien gesigte wat nie daar was nie en hulle verkondig leuens as waarsêery, hulle sê: 'Die Here sê', maar Ek het dit nie gesê nie".*

## 9.3. Blou- en bruindraad-tekste

Dit is tekste waarin ons sien dat die Woord van God uit twee dele bestaan, naamlik die Wet en die Evangelie:

### 'n Evangelieteks

Rom. 1:1-6: *"Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God.* [2] *Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig,* [3] *en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore;* [4] *op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here.* [5] *Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring.* [6] *Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort."*

### 'n Wetteks

Rom. 13: 8-10: "[8] *Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.* [9] *Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."* [10] *Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet."*

## 9.4. Muurprop- en ketelprop-tekste

Dis tekste wat wys God se Woord bestaan uit woorde vóór Christus gekom het, en woorde mét en ná Christus se koms. Die woorde vóór Christus se koms is die Ou Testament, en die Woord van God mét en ná Christus se koms, is die Nuwe Testament.

### 'n Muurprop-teks

Lukas 24:44: “[44] *Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is”.*

**’n Ketelprop-teks**

Lukas 24:45 – 49: *”[45] Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. [46] Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47] en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’ [48] Julle is getuies van hierdie dinge. [49] En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”*

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog